

Die Doodgewone Bure

Skrywer: De Wet Hugo
Illustrasies: Theodore Key
Uitgewer: Human & Rousseau

The Otto Foundation Children's Book Award
Chapter Book Shortlist 2026

Die Van Vuurens se nuwe bure is baie ongewoon. Drico is eers doodbang om vriende te maak met Blanche Winterbach, die buurdogter. Maar dan daag sy ma se verwaande, melodramatiese niggie uit die bloute op en die poppe begin dans. Drico en Blanche moet vinnig saam staan om 'n plan te maak. En wanneer die Winterbachs die Van Vuurens oornooi vir ete, is dit net die regte geleentheid om tot aksie oor te gaan...
- Human & Rousseau Uitgewers

Lesnotas

Hierdie notas is deur die Otto Foundation geskryf om idees aan onderwysers en versorgers te verskaf wat teksbegrip ontwikkel en leesvaardighede ondersteun. Die notas moedig diep leeswerk van die teks en illustrasies aan, wat oor 'n reeks sessies kan plaasvind, nie net een sitting nie.

Hierdie notas is geskryf met Graad 4, 5, 6 en 7-lesers in gedagte, maar onderwysers en versorgers sal dit moet aanpas vir die ouderdom en ervaring van hul lesers.

Temas

- Vriendskap
- Om anders te wees en waarom dit nie sleg is nie
- Vooroordele en aannames oor mense wat anders lyk
- Familie
- Buurskap
- 'n Nuwe begin
- Aanvaarding

Voor die storie gelees word

- Begin die bespreking deur kinders toe te laat om hul aanvanklike reaksies op die omslag van die boek te deel. Moedig die kinders aan om dit wat hulle sien en hoe hulle daarop reageer te bespreek.
  - *Wat let jy op omtrent die omslagillustrasie?*
  - *Waaroor laat die omslagillustrasie jou dink?*
  - *Hoe laat die omslagillustrasie jou voel?*
  - *Waarvan hou jy die meeste op die omslagillustrasie?*

- Verduidelik dat die titel van die boek **Die Doodgewone Bure** is. Vra die kinders om hul gedagtes oor die boekomslag te deel.
  - *Watter soort boek dink jy gaan dit wees, gebaseer op die titel?*
  - *Waarom dink jy lyk die twee huise op die boekomslag verskillend?*
  - *Wat dink jy gaan met die seun in hierdie boek gebeur?*
  - *Wie dink jy gaan die seun in die storie ontmoet?*
  - *Hoe sou jy voel as jy die seun op die boekomslag was?*

- Lees die teks op die agterblad vir die kinders. Bespreek hoe hul idees oor die storie verander het noudat hulle meer inligting het.
  - *Hoe het jou idees oor wat moontlik in die storie gaan gebeur verander noudat jy die teks op die agterblad gelees het?*

Hardoplees besprekingspunte

Hoofstuk 1

- *Drico staar na die* **kolossale kasarm** *langsaan. Watter woorde gebruik hy om die huis te beskryf?*
- *Wat sê Drico se pa toe Drico die huis langsaan met 'n* **spookhuis** *vergelyk?*
- *Hoe oud is Drico?*
- *Beskryf wat gebeur met die hangkas se deur terwyl Drico in die* **leë kamer** *is.*
- *Beskryf wat met die swaai in die bure se agterplaas gebeur.*
- *Wat sien Drico in die middelste toringkamer van die huis langsaan, en hoe reageer hy?*
- **Mevrou Louw**, *die eiendomsagent, vertel per ongeluk 'n geheim oor die vorige eienaars se dogter. Wat sê sy?*

Hoofstuk 2

- *Waaroor spot Drico se ma en pa by die kombuistafel?*
- *Wat moet Drico buite doen? Waarom sê hy nie vir sy ouers dat hy bang is om buitentoe get gaan nie?*
- *Wat hoor Drico? Wat sou jy gedoen het as jy so iets gehoor het?*
- *Hoe verskyn die gedaante van 'n meisie?*

Hoofstuk 3

- *Hoe lyk die deurskynende gestalte in Drico se agterplaas?*
- *Wat sê die meisie wanneer Drico homself voorstel?*
- *Blanche en Drico* **skud hande**. *Hoe voel Blanche se hand?*
- *Blanche sê sy kan nie onthou hoe oud sy is nie, want sy het* **al so baie verjaarsdagpartytjies gehad**, *en voeg by dat niemand nog ooit haar partytjies bygewoon het nie. Wat dink Drico van hierdie vreemde stellings?*
- *Hoe reageer Blanche toe Drico instem om haar vriend te wees? Wat gebeur toe sy van geluk in die lug spring?*
- *Wat gebeur toe Blanche Drico verlaat om na haar ouers toe te gaan?*

Hoofstuk 4

- *Hoe lyk Drico se ouers die oggend ná die eerste nag in hul nuwe huis?*
- *Wat vra Drico se pa vir hom? Hoe reageer Drico op sy vraag?*
- *Watter besluit neem Drico oor of hy* **die geheim van sy spookbure** *met sy ouers moet deel?*
- *Wat sien Drico op die* **nok** *van die bure se huis?*

Hoofstuk 5

- *Wie is* **Kirna-Aubrecia***?*
- *Wat is Drico se amptelike naam?*
- *Waarvoor is Kirna-Aubrecia beroemd?*
- *Hoe beskryf Kirna-Aubrecia die Van Vuurens se nuwe huis? Hoe dink jy voel Drico en sy ouers oor haar beskrywing?*
- *Waarom het Kirna-Aubrecia regtig kom kuier? Hoe voel Drico en sy ouers hieroor?*

Hoofstuk 6

- *Blanche sê vir Drico dat hy* **besonders** *is. Waarom sê sy so?*
- *Drico verduidelik aan Blanche dat Kirna-Aubrecia beplan om die Winterbachs se huis te koop. Hoe reageer Blanche?*
- *Wie het die Van Vuurens oorgenooi vir ete? Waarom het hulle nie vir Blanche vertel nie?*
- *Wie woon almal in die* **Winterbach** *huis?*
- *Watter plan beraam Drico en Blanche?*

Hoofstuk 7

- *Vir watter* **tee-opsies** *vra Kirna-Aubrecia? Wat wys dit ons van haar karakter?*
- *Hoe beskryf Kirna-Aubrecia* **Drico se generasie***?*
- *Wat dink Drico stilweg terwyl Kirna-Aubrecia praat?*

Hoofstuk 8

- *Wat gebeur terwyl die gesin in die tuin is, wat almal laat skrik?*
- *Hoe verduidelik Drico die* **monsteragtige voël** *aan sy gesin? Hoe reageer Kirna-Aubrecia op verduideliking?*
- *Watter geluid hoor die gesin toe hulle die Winterbach-huis se voordeur nader? Hoe sou jy gevoel het as jy een van die Van Vuurens was?*

Hoofstuk 9

- *Wie maak die deur oop? Watter werk doen sy in die huishouding?*
- *Die Winterbach se name is* **Alaska***,* **Uys** *en* **Blanche***. Waaraan laat die gesin se name jou dink?*
- *Beskryf hoe die Winterbachs aangetrek is? Dink jy dit is vreemd? Waarom?*
- *Uys sê dat Kirna-Aubrecia* **een van ons** *moet wees. Wat bedoel hy daarmee? Waarom vra hy die vraag?*

Hoofstuk 10

- *Waarom vra Kirna-Aubrecia die Winterbachs uit oor hulle* **obsessie met die negentien-twintigs***?*
- *Die lig in die vertrek gaan skielik af. Wat gebeur toe die lig aangaan?*
- *Wat is* **gazpacho***? Waarom is dit snaaks dat dit in die storie bedien word?*
- *Hoe dink jy voel* **Goëlietta** *oor Kirna-Aubrecia? Hoe weet jy dat sy so voel?*

Hoofstuk 11

- *Beskryf die skildery wat teen die muur oorkant Drico hang. Daar is iets onverwags in die skildery. Wat is dit?*
- *Hoe dink jy voel Alaska en Uys oor Blanche se gedrag? Wat laat jou so dink?*
- *Alaska rook 'n sigaret en die rookwolk neem die vorm van 'n mannetjie aan. Wat gebeur volgende?*
- *Waarom is dit snaaks toe Goëlietta vir Kirna-Aubrecia verduidelik dat sy die kerse so aansteek as gevolg van* **jare se spook en spartel***.*
- *Hoe weet ons dat Blanche nog verdere planne het om Kirna-Aubrecia skrik te maak?*

Hoofstuk 12

- *Watter hoofgereg kondig Goëlietta aan? Is dit 'n algemene hoofgereg in moderne tye?*
- *Hoe weet Drico dat Blanche in die speenvark is om vir Kirna-Aubrecia skrik te maak?*
- *Hoe beskryf die skrywer Alaska se arms?*
- *Wat noem Blanche vir* **Dolos***?*
- *In die hoofstuk probber Blanche vir Kirna-Aubrecia afskrik maar haar ouers keer haar elke keer. Die hoofstuk eindig met Drico wat Blanche herinner aan haar troetelgedrog. Wat dink jy gaan volgende gebeur?*

Hoofstuk 13

- *Wat is 'n* **spookasem-vrieskastert** *en waarom is dit snaaks?*
- *Drico se ma sê vir Kirna-Aubrecia:* **"Die huis is nie te koop nie. Aanvaar dit nou."** *Hoe reageer Kirna-Aubrecia hierop?*
- *Watter instrument speel Blanche? Hoe dink jy verduidelik dit die geluide wat Drico se ouers in Hoofstuk 4 gehoor het?*
- *Beskryf hoe Dolos lyk en sê watter tipe voël dit is.*
- *Wat gebeur toe Uys sy vingers klap?*
- *Verduidelik wat met die Winterbachs gebeur het in die* **sneeustorm van negentien-twintig***. Hoe verduidelik dit hul huis en klere?*
- *Beskryf hoe die Winterbachs verander toe hulle almal gelyk hul vingers klap.*
- *Wat dink jy gaan Drico vir sy ouers vertel? Waarom sê hy hulle* **moet doodkalm bly***?*

Hoofstuk 14

- *Hoe weet jy dat Kirna-Aubrecia nie kan nie onthou wat die vorige aand gebeur het nie.*
- *Watter verduideliking gee die Van Vuurens vir haar? Hoe voel Drico se ma oor die verduideliking?*
- *Wat besluit Kirna-Aubrecia om te doen oor die huis langsaan?*
- *Hoe voel Drico en sy ouers oor Kirna-Aubrecia se besluit?*

Hoofstuk 15

- *Blanche vra:* **"Drico, kan ek maar uitkom?"** *Waarom is dit nou vir haar moontlik om buite te wees?*
- *Wat het met die Winterbach-huis gebeur? Hoe het dit die spook-gesin gehelp?*
- *Wat was onder in die Winterbachs se kelder? Hoe het dit die Winterbachs en die Van Vuurens gehelp?*
- *Waarom het die Winterbachs nuwe klere gekry?*
- *Dink jy die twee gesinne gaan gelukkig langs mekaar bly?*

Onderwerpe vir bespreking na die lees van die storie

- Bespreek met die kinders:
  - *Watter karakter sou jy wou wees: Drico, Blanche of Kirna-Aubrecia? Waarom?*
  - *Aan die begin van die storie is Drico doodbang vir die "spookhuis" langsaan, maar teen die einde beskou hy die Winterbachs as vriende. Wanneer, dink jy, het sy gevoelens teenoor hulle begin verander?*
  - *Dink jy Kirna-Aubrecia het geleer uit haar ervaring by die aandete? Sal sy anders teenoor ander mense (of spoke!) optree in die toekoms?*
  - *Is daar iets in hierdie storie waarvan jy spesifiek gehou of nié gehou het nie? Indien wel, wat? En waarom het jy dit so ervaar?*
  - *Het enigiets wat in hierdie boek gebeur het al ooit met jou (of iemand wat jy ken) gebeur (soos om na 'n nuwe plek te verhuis, of om bang te wees vir iets wat later heeltemal onskadelik was)?*
  - *Wat het jy uit hierdie storie geleer?*
  - *As die skrywer, De Wet Hugo, jou sou vra wat in die boek verbeter kan word, wat sou jy sê?*
  - *Wat sou jy vir jou vriende oor hierdie boek vertel?*

Idees vir aktiwiteite na die lees van die storie

- Teken en vergelyk: Vra jou klas om die Winterbach-huis op twee maniere te teken. Een prent moet wys hoe dit lyk aan die begin van die storie ("kolossale kasarm" met vuil, gekraakte ruite). Die ander prent moet wys hoe dit lyk aan die einde (volledig opgeknap en spierwit geverf). Bespreek met die kinders wat binne-in die huis verander het, nie net buite nie? Hoe het die spoke gevoel oor die veranderinge?

- Karakterprofiel: Verdeel die klas in groepe en vra elke groep om 'n kort profiel van een karakter saam te stel (Drico, Blanche of Kirna-Aubrecia). Die profiel moet inligting bevat oor hulle voorkoms, persoonlikheid en hoe hulle tydens die storie verander (of nié verander nie). Laat elke groep hulle profiel met die klas deel.

- Rolspel: Laat kinders in groepies van vier tot vyf die aandete-toneel by die Winterbachs (waar die spoke Kirna-Aubrecia probeer skrik maak) opvoer. Moedig hulle aan om hulle eie idees vir skrikwekkende (of snaakse) geregte by te voeg.

- Skryfopdrag: Vra kinders om 'n paragraaf te skryf uit Dolos se perspektief. Beskryf 'n tipiese dag waarin hy in die familie se kelder bly tydens die dag en 'n nag waarin hy op die dak mag gaan sit.

Sien asseblief die volgende bladsye vir graadspesifieke KABV-vaardighede wat in hierdie onderrignotas behandel word.

KABV-vaardighede wat in onderrignotas behandel word

Luister en praat

Graad 4

- Identifiseer intrige, karakters en agtergrond
- Voorspel inhoud
- Beantwoord vrae mondeling
- Benoem die karakters korrek
- Bespreek die boodskap / tema
- Druk gedagtes en gevoelens uit
- Bespreek 'n karakter, insluitend wat hy / sy sê of wat aan hom / haar gedoen word
- Versterk redes vir handelinge in die storie
- Gee en verduidelik eie gevoelens en menings oor die teks
- Herroep hoofidees
- Herroep besonderhede
- Bespreek die sosiale, morele en kulturele waardes
- Maak voorspellings op grond van die titel
- Vertolk die rol van 'n karakter
- Neem aan besprekings deel
- Vergelyk eie idees met ander se idees
- Gee opinies en konstruktiewe terugvoering
- Bespreek sentrale idee en karakters
- Bespreek gebeure
- Bespreek morele en kulturele waardes, houdings en aannames

Lees en Kyk

Graad 4

- Pre-lees: voorspelling gebaseer op die titel en prente
- Bespreek nuwe woordeskat uit die leesteks
- Identifiseer en lewer kommentaar op die intrige en karakters
- Gee en verduidelik eie gevoelens oor die teks
- Druk emosionele respons op die gelese tekste uit
- Bespreek met verwysing na eie ervaring
- Gee redes vir handeling
- Identifiseer hoof- en ondersteunende idees
- Identifiseer en bespreek waardes in die teks
- Interpreteer en verduidelik die boodskap / tema
- Bespreek gevoelens oor die teks deur redes te gee
- Bespreek karakters, tyd, ruimte, verhaallyn
- Maak voorspellings op grond van die titel
- Bespreek karakters, sentrale idees en agtergrond
- Druk gevoelens uit wat deur die teks gestimuleer word
- Lei redes vir handelinge in storie af
- Verduidelik oorsaak en gevolg in 'n storie
- Druk gevoelens oor die teks uit en gee redes
- Bespreek waardes in die teks
- Bespreek karakters
- Identifiseer en bespreek sosiale, morele en kulturele waardes in stories
- Bespreek die woordkeuse en beeldspraak

Luister en praat

Graad 5

- Identifiseer hoofgedgates en besonderhede
- Bring met eie ervarings in verband
- Bespreek en gee opinie
- Identifiseer die sentrale idee, intrige, agtergrond, atmosfeer en karakters van 'n fiktiewe storie
- Neem deel aan besprekings, regverdig eie mening
- Gee gebalanseerde en konstruktiewe terugvoering van: intrige, tema, agtergrond
- Identifiseer die sentrale idee, intrige, agtergrond, atmosfeer en karakters
- Druk gedagtes en gevoelens uit
- Bespreek hoofidees en besonderhede
- Identifiseer die sentrale idee, intrige, agtergrond, atmosfeer en karakters van 'n fiktiewe storie
- Beskryf gebeure
- Lewer kommentaar op die sosiale, morele en kulturele waardes in verskillende tekste
- Vra en reageer op gedagteprikkelende vrae

Lees en Kyk

Graad 5

- Pre-lees: Maak voorspellings wat op die titel en prente gebaseer is
- Bespreek nuwe woordeskat uit die teks
- Bespreek die sentrale idee, intrige, karakters en agtergrond
- Druk gevoelens en opinies uit
- Bespreek oorsaak en gevolg in die storie
- Druk emosies op gelese tekste uit
- Gebruik 'n reeks leesstrategieë: vluglees, soeklees, kontekstuele leidrade en vorige kennis
- Verduidelik hoe skrywers woordeskat en taal gebruik om die agtergrond te beskryf
- Lewer kommentaar op intrige, tema, agtergrond
- Identifiseer en verduidelik die sentrale gebeure
- Bespreek die karakters
- Identifiseer en bespreek gevoelens
- Verbind gebeure en karakters met eie ervarings

- Druk gedagtes en gevoelens op 'n verbeeldingryke wyse uit

- Identifiseer en lewer kommentaar op die karakters, temas en kwessies in 'n fiktiewe storie
- Voorspel inhoud of einde
- Verduidelik oorsaak en gevolg
- Bespreek boodskap wat oorgedra is
- Beskryf emosies op tekste
- Doen 'n kort mondelinge boekresensie deur 'n toepaslike raam te gebruik

Luister en Praat

Graad 6

- Bespreek karakters
- Bespreek intrige, konflik en agtergrond
- Bespreek boodskappe in die teks
- Besin oor kulturele gebruike, waardes en gelowe
- Besin oor konflik in die verhaal
- Herroep hoofidees en besonderhede
- Bespreek karakter en agtergrond
- Identifiseer en bespreek waardes in die teks
- Reageer krities
- Evalueer en bespreek gebeure
- Identifiseer en bespreek boodskappe in die teks
- Berei mondeling voor oor 'n karakter
- Bespreek kenmerke, soos tema, agtergrond, tyd en karakterisering
- Identifiseer oordrywing
- Herroep hoofidees en besonderhede
- Hervertel dele van 'n storie
- Lewer kommentaar op emosionele reaksies op die boek
- Identifiseer en bespreek boodskappe en waardes in die teks

Lees en Kyk

Graad 6

- Bespreek elemente van fabels / verhale soos karakters en boodskappe
- Verduidelik interpretasie van die teks
- Verduidelik temas, intriges, agtergrond en karakterisering
- Lees 'n uitgebreide teks
- Identifiseer die storielyn
- Identifiseer hoof- en ondersteunende idees
- Interpreteer en bespreek boodskap
- Bespreek agtergrond en invloed op karakters
- Bespreek tipe karakters
- Ondersoek die teks vir verskuilde boodskappe en / Som die hoof- en ondersteunende idees op
- Bespreek: intrige, tema, agtergrond, karakterisering
- Lees 'n uitgebreide teks
- Identifiseer hoof- en ondersteunende idees
- Interpreteer die boodskap
- Lewer kommentaar op die storielyn
- Lewer kommentaar op die reaksies op die teks
- Lewer kommentaar op boodskappe en waardes in die teks

Luister en Praat

Graad 7

- Identifiseer kern- en ondersteunende gedagtes van 'n kortverhaal
- Deel idees en ervarings en toon begrip van konsepte
- Meld die karakters korrek
- Neem deel aan informele gesprekke oor eenvoudige onderwerpe
- Identifiseer kern- en ondersteunende gedagtes
- Beantwoord vrae
- Deel idees en ervarings en wys begrip van konsepte
- Beantwoord vrae
- Identifiseer karakters
- Bespreek die tema
- Bespreek perspektief
- Bring inhoud in verband met eie ervaring
- Bespreek spesifieke idees in 'n kortverhaal
- Neem 'n standpunt oor idees in en verwys na die teks ter ondersteuning van die standpunt

Lees en Kyk

Graad 7

- Herken kenmerke van die teks soos titels, opskrifte, illustrasies
- Herken dele van die boek soos omslag, titelbladsy, indeks, hoofstukke, woordelys, indeks
- Maak afleidings
- Maak voorspellings
- Lei die betekenis van onbekende woorde en beelde af
- Gee eie mening